# Berend Gemser, hoogleraar 1926-1955

J P Oberholzer

Universiteit van Pretoria

Abstract

Berend Gemser, professor 1926-1955

Berend Gemser, who came to the University of Pretoria in 1926 to fill two chairs, those of Semitic Languages and Old Testament Studies, is acknowledged as the initiater of the scientific study of these disciplines in South Africa. In this article special attention is given to his theology. It is shown that in his thought historical criticism was fully integrated in a concept of Scripture, simultaneously wholly of a subserviant character and an organic unity, without denying the distance between the two Testaments. Attention is also drawn to Gemser's dialogue with some exponents of Afrikaner thought, and to his growing concern about certain aspects of this thought.

Gemser was in sy ses en dertigste lewensjaar toe hy in 1926 die dubbele opdrag van 'n hoogleraarskap in beide Ou-Testamentiese Wetenskap en Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria aanvaar het. As leerling van L H K Bleeker en F M Th (de Liagre) Böhl was hy uitmuntend geskool in die Ou Testament, sy agtergrond en verwante gebiede. Dit het die hele wye veld van die tale en kulture van die Ou Nabye Ooste ingesluit. Sy proefskrif, onder leiding van Böhl, het gehandel oor die Babiloniese en Assiriese persoonsname en hulle betekenis vir die lewe en denke van die betrokke volke. Die Ou Nabye Ooste sou dwarsdeur sy akademiese loopbaan 'n belangrike rol bly speel, maar steeds as agtergrond vir die Ou Testament. Sy nagelate werke toon dat hy eerstens eksegeet was, met noukeurige en fyn aanvoeling vir taal en historiese raamwerk (Van Selms 1968:4). Hy is dan ook erken as grond-

legger van die wetenskaplike studie van die Ou Testament en die Semitiese Tale in Suid-Afrika (Mulder 1951:95v; Fensham 1984:1).

Berend Gemser is gebore op 17 Mei 1890 in die Noord-Hollandse dorpie Broek op Langedijk. Sy vader was predikant, maar is vroeg oorlede. Ten spyte van benarde finansiële omstandighede het Gemser volgehou met studie en op skool sowel as universiteit goed presteer (Böhl 1963:58; Van Selms 1981:185). Nadat hy die doktorale eksamen in die teologie aan die Rijks-Universiteit te Groningen in 1917 afgelê het en tot die bediening toegetree het in die gemeente Lutjegast, Groningen, lê hy hom ook nog toe op die Semitiese Tale waarin die doktorale eksamen spoedig met sukses volg. Die promosie op 16 Oktober 1924 het dan ook in hierdie rigting geskied (Mulder 1951:86v).

Op 1 Junie 1926 aanvaar hy sy dubbele taak in Pretoria. Teen hierdie tyd het die Fakulteit reeds sewe kandidate vir die bediening gelewer en was daar drie studente in die BD-jare, naamlik M M Grobler en J Strydom in die vyfde en P W Venter in die vierde jaar. Gemser se latere opvolger, E S Mulder, was in die derde BA-jaar. Daar was altesaam tien BA-studente. Die studentegetalle bepaal egter nie die getal lesings nie en Gemser het soms soveel as twee en twintig lesings per week gegee. Opvallend is hoe spoedig hy ook begin publiseer het. Reeds op 15 Julie 1926 verskyn 'n eerste bydrae in *De Hervormer*, die eerste van 'n reeks met die titel 'Uit en om het Oude Testament', waarvan tot in 1933 met tussenposes twaalf aflewerings sou verskyn.

Die opgrawing van Sigem, wat in 1913 in Tell-et Balata deur Sellin begin is, was in 1926 weer in volle gang as 'n gesamentlike Duits-Nederlandse projek, met Böhl as medeleier naas Sellin en heel gepas het Gemser se eerste artikels in *De Hervormer* dan ook oor Sigem gehandel, maar met 'n omvattende deeglikheid wat tot vandag toe imponeer: geografie, geskiedenis met aanhalings uit Egiptiese bronne, Bybelse en na-Bybelse gegewens – teologies gesien en geëvalueer. Hier was 'n entoesiastiese geleerde, 'n gedeë teoloog en 'n ootmoedige gelowige aan die woord. So sou dit bly. Aangesien die wetenskaplike betekenis van Gemser se lewenswerk telkens aangedui is (Mulder 1951; Van Selms 1968) en daar ook oor sy persoon en aard gehandel is (Van Selms 1968; Oberholzer 1989), word hier aandag aan slegs 'n paar aspekte van sy akademiese arbeid gegee en besonderlik aan sy teologiese denke.

Van Selms wys daarop dat Gemser Bybelstudie beskou het as die belangrikste deel van die teologie en dat Bybelstudie vir hom beteken het dat hy historiese en literêre metodes toegepas het op die dokumente van die Heilige Skrif (Van Selms 1968:4). Gemser het inderdaad steeds in sy lesingprogram alle aandag aan die eksegese gegee. Vir Inleiding, Teologie en die ander dissiplines het hy boeke voorge-

skryf vir selfstudie. Hierby het werke uit die Duitse en Nederlandse taalwêreld oorheers, getuie nie alleen van die verwantskappe van Gemser se akademiese klimaat nie, maar ook en veral van die voorrangposisie van die Duitse Ou-Testamentiese vakbeoefening oor soveel dekades heen. Wat Inleiding betref, het ekself in my studiejare by Gemser (1948-1950) kennis gemaak met die inleidings van Sellin, Oesterley-Robinson, Weiser en Bentzen. Vir Teologie is voorgeskryf werke van Sellin, Vriezen en Edelkoort, vir Hermeneutiek die pas verskene werk van Bleeker, terwyl Godsdiensgeskiedenis aandag gekry het veral deur middel van die artikel van Martin Buber oor die godsdiens van Israel in G van der Leeuw, *De godsdiensten der wereld*. Dit kan gesê word dat Gemser 'n sekere teensinnigheid in sistematisering geopenbaar het (Engelbrecht 1982), maar uit sy klasaantekeninge en kommentare blyk dat hy wel deeglik geneig was om die teologiese inhoude saam te vat en weer te gee. Miskien was dit dus eerder 'n geval dat hy hom nie maklik gewaag het aan 'n algemene teologie van die Ou Testament nie omdat hy slegs bereid was om op grond van eie eksegese en studie tot 'n dergelike sintese te kom. Die volgende uittreksels uit sy eksegese-lesings oor Deuteronomium in 1948 gee iets weer van sy benadering:

> Die boek Deuteronomium is een van die merkwaardigste en ook van die belangrikste boeke van die Ou Testament...Die belangrikheid van die boek is in besondere mate duidelik uit die gebruik daarvan in die Nuwe Testament...Jesus wys...met 'n aanhaling uit Deuteronomium dat Hy nie 'n saaklike opvatting het van gebod en wetsvervulling nie maar 'n persoonlike...Dit beteken dus 'n innerlike, diepgevoelde, wilskragtige en welbewuste, liefdevolle vervulling van die gebooie, en hierdie liefde is nie betrokke op die wet of gebod nie maar op God, die enige, heilige God van Israel...So het Jesus dan aangesluit by die lyn wat in Deuteronomium begin, en dit is hierdie lyn wat ook deur Paulus voortgesit word in Romeine 13:8-10...Vir die Christelike gemeente is die hele prediking van Deuteronomium van blywende belang, en veral die hoofpunte aangaande die regte vervulling van die wet, nl uit dankbaarheid en as liefde tot God en die naaste. Dan ook die prediking van die uitverkiesing uit genade en nie na enige verdienste nie, en in die derde plek die prediking van Gods troue leiding van sy volk nieteenstaande hulle gedurige afval, opstandigheid en hartsterging.

In die aantekeninge by die onderskeie verse en versdele is Gemser egter getrou aan sy tyd. Dit was histories-kritiese kommentaar in die beste tradisie, soos die volgende aantekening by die tweede gebod (Deut 5:8) treffend illustreer:

> Drie dele waarin oudheid heelal verdeel het – wêreldbeeld van die tyd. In die hemel: Babiloniese hemelgode Sin en Samas, ook voëls, vgl Horus. Op die aarde: teriomorfe gode byvoorbeeld Apis-stier van Egipte, Baäl van die Palestynse wêreld. Onder die aarde: Krokodil-god van Egipte; ook Tiamat, monstergod van die dieptes, en Ea van Babilonië; Apsu, god van die soetwater uit die Babiloniese panteon, later Filistynse Dagon, halfmens, half vis. Gebod dus nie willekeurig opgestel nie – verbod teen gode van dié tyd.

Hoe hy die Dekaloog as geheel geïnterpreteer het, blyk uit die aantekeninge by die aanhef van die Wet (Deut 5:6):

> Die aanhef van die wet is verwysing na die verlossing uit die genade en liefde van God. Hy stel die eise van die wet, maar nadat Hy eers verlossing gegee het. Die slawevolk wat onder vreemde wette gelewe het, word nou godsvolk onder eie wet. Die Tien Gebooie is meer bewys van vryheid as van diensbaarheid – eintlik is dit die grondslag van die vryheid, vgl Paulus oor gebondenheid aan Christus.
>
> (Aantekeninge soos deur skrywer afgeneem)

Hier is duidelik 'n gelowige teoloog aan die woord, iemand wat gemaklik en vrymoedig die volle wetenskaplike pad loop sonder prysgawe van sy eerbied vir en gebondenheid aan die Heilige Skrif. In dié verband is nog 'n aanhaling noodsaaklik, naamlik uit 'n artikel van sy promotor, niemand minder nie as die groot Assirioloog Böhl self, wat deur Gemser oorgeneem word in sy reeks 'Uit en om het Oude Testament' (Gemser 1928a):

> Hoe staat het nu met het Oude Testament: met dat gedeelte dus van de Heilige Schrift, dat zij 't lang voor de komst van den Heiland geschreven en bewerkt is door echte kinderen Gods, gerechtvaardigden en geloovigen, die Gods genade hadden ondervonden, die tot den Allerhoogsten God in een persoonlijke verhouding waren komen te staan als kinderen tegenover hun Vader en die van deze verhouding getuigden met alle middelen, die hun tijd ter beschikking hebben gestaan? Ook zij waren en bleven gekluisterd in de perken van hun omgeving, hun tijd, en niet begiftigd met bovennatuurlijke krachten en met bovennatuurlik weten. Wie van den Bijbel volmaaktheid en onfeilbaarheid eischt, ook in alle wijsgerige, historische, aardrijkskundige en natuurwetenschappelike vraagstukken, komt niet slechts telkens in botsing met de feiten, maar hij geeft ook blijk van inconsequentie: hij eischt op het terrein van het formeele principe (de leer van de Hei-

lige Schrift) iets, wat hij op het terrein van het materieele principe (de leer van de rechtvaardigmaking uit het geloof) nooit zou willen noch kunnen toegeven. Want bij den rechtvaardige en geloovige is geen zuivere scheiding mogelijk tusschen het innerlijke leven en de uiterlijke beperktheid, die ook in zijn nieuwe leven telkens weer aanleiding wordt tot misverstand, dwaling, vergissing en zonde. Wie hier het ontleedmes in wil zetten loopt gevaar het innerlijke leven te dooden. Wij gevoelen en weten: het innerlijke leven is er, ondanks alles, nochtans: het nochtans des geloofs.

Is dit echter juist, dan mogen wij ook over de beteekenis der Heilige Schrift – der groote oorkonde, waarin zulke geloovigen omtrent hun ervaringen getuigen – niet anders oordeelen. Men mag niet meer beveiligingen eischen dan God aan deze oorkonde heeft willen geven. Het innerlijke leven is er, wij gevoelen het, wij beseffen het...al is het ook in dit geval weer gekluisterd in de boeien van het aardsche, het onvolmaakte, in de perken van ruimte en tijd, al is het 'van buiten verbrand door de zon'.

Wij spreken van het Oude Testament, al geldt het laatste wat wij hier zeiden, binnen bepaalde grenzen stellig ook van het Nieuwe Testament. De historische problemen zijn op Nieuw-Testamentisch terrein veelal anders. Evenwel is een scheiding onmogelijk. Zonder het Oude Testament is het Nieuwe onbegrijpelijk; ook van historisch standpunt gezien is Gods Woord eenheid.

Zoo staat dan de geheele Bijbel voor ons als één groot gebouw, een gothieke kathedraal, waaraan talrijke geslachten de eeuwen door hebben gebouwd: ondanks al het onvolmaakte, ondanks al het verouderde, ondanks alle tegenstrijdigheden:

licht van ons leven,
doel van ons streven,
Gods eigen woord.

Volkome in lyn met hierdie visie bring Gemser in 'n volgende artikel die besondere belangstelling in Leiden vir wat teologie is in verband met 'die optrede van die profetiese Duitse teoloog Karl Barth' (Gemser 1928b). Sy houding in verband met die kerk druk Gemser uit in 'n oordenking by 'die 75 jarige bestaan van die Ned Herv Kerk van Afrika' (Gemser 1928c) aan die hand van 1 Samuel 24:13:

> Ik heb mijn kerk niet gemaakt, zij is mij een van God gegeven levenskring, 'n hooger, grooter verband waarin ik geboren ben, gelijk de Doop beteekent en verzegelt. Ik kies niet de familie waarvan ik lid

> ben; ik kies niet het volk waarvan ik burger ben – het zijn mij gegeven grootheden, gegeven relaties. Ik kan geen eerbied hebben voor dengene, die deze gegeven levensverbanden niet aanvaardt, die zich schaamt voor zijn afkomst, die zijn volk ontrouw wordt. Zoo kies ik niet de kerk, noch zal ik mij keeren tegen haar; ik zal haar aanvaarden, mijn God voor haar danken, mijn klein aandeel aanbrengen in het werken voor haar welzijn. Al heeft se nog zooveel gebreken, als 'n Saul onder de koningen, zij is de gezalfde des Heeren. Mijn hand zal niet tegen haar zijn; en mijn woord ook zal niet tegen haar zijn. Zoolang God haar niet afbreekt – hoe zou ik het durven wagen.

Oor die amp van die evangeliebediening spreek hy hom uit in 'n oordenking uit 1931 (Gemser 1931a) na aanleiding van Johannes 3:29. Die eerste taak en voorwaarde vir die regte uitoefening van die evangeliebediening is 'staan en Hem hooren!': 'De rechte zegen op 't werk komt eers op de voorafgegane rust in de binnenkamer, de binnenkamer van het huis, en de binnenkamer der ziel; 't geheim van den zegen ligt verborgen voor de oogen der menschen, der gemeenteleden zelve: in de uren op de studeerkamer, en in het uur des gebeds.'

Gemser wys verder op die gevare van die geestelike amp: die verleiding om jouself in die middelpunt te stel of jou deur ander in die middelpunt te laat stel, die verleiding om te luister na die stem van die gemeente in plaas van na jou opdraggewer, die gevaar om glad nie te luister nie en so persoon en amp van mekaar te skei.

Met hierdie (selektiewe) verwysings is dit genoegsaam aangedui dat daar in die denke van Gemser oor die Heilige Skrif, die geloof en die ampsbediening 'n organiese eenheid bestaan. Met minder persoonlike bewoënheid as in sy nagelate oordenkings, maar met oortuiging lê Gemser klem op die noodsaak van objektiewe Bybelondersoek in 'n rede by die opening van die fakulteitsjaar in 1945 (Gemser 1945c). Hy praat hier van 'n 'organisme van waaragtige Bybelondersoek wat besiel en deurasem is van die Gees van Christus'. Daarmee bedoel hy 'n onbevange ondersoek wat 'die Skrif self laat getuig deur na al sy uitinge te luister en sy hele verskyning, soos hy daar voor ons lê, op ons te laat inwerk', vry van 'teologies-dogmatiese beskouings, selfs vanuit wetsreglemente toegepaste kerklike belydenisskrifte'. Hy was oortuig daarvan dat deur die Ou Testament in sy oorspronklike tale met wetenskaplike verantwoordelikheid te bestudeer, die Bybelondersoek werklik onbevange sou wees, 'n saak wat vandag sekerlik betwis sou word, maar wat destyds van groot waarde was in die verset teen die Kuyperse Skrifbeskouing. Oor die betekenis van die Ou Testament lig hy veral vier sake uit:

* Die Ou Testament gee aan ons die besef van die transendensie, majesteit, heiligheid en verborgenheid van God.
* Die Ou Testament predik die eenheid van die menslike persoon en die belangrikheid en waarde van hierdie wêreld.
* Die Ou Testament leer sy leser 'n historiese besef en vertoon 'n geskiedenis van Godsopenbaring.
* Die Ou Testament open sy leser se oog vir die verband tussen skoonheid en godsdiens.

Hy sluit af deur te wys op die nodigheid van kongenialiteit, die besef dat 'dieselfde inspirerende Gees sowel die gedagtegang van die skrywer as dié van die leser wat hom wil verstaan, onder sy leiding het' (Gemser 1935c, vgl 1927c).

Dit blyk dus dat hierdie geleerde, wat oor die wêreld veral bekend geword het vir sy werk oor die Wysheidsliteratuur (Böhl 1963), deeglik rekenskap probeer gee het van die uitgangspunte van sy arbeid en nie aan die spanning Godswoord-mensewoord probeer ontvlug het deur een of ander dogmatiese konstruksie nie. Dat sy teologiese denke mede deur sy besondere besig-bly met die Wysheidsliteratuur beïnvloed is, is voor die hand liggend. Sy tipering van die wysheid volgens oud-oosterse voorstelling as lewenskunde en lewenskuns in die ruimste en diepste sin van die woord is steeds geldig. Die eie karakter van die Israelitiese wysheid meen hy te kan tipeer as dié van 'n suiwer monoteïsme, 'n konsentrasie van die moraliteit in die צדק-begrip, die demokratiese karakter van die spreuke-wysheid en die onsistematiese en onuitgewerkte aard daarvan (Gemser 1929h:20).

Sy samevatting van die aard en betekenis van die Predikerboek is eweneens tot vandag toe nie opsy te skuif nie. Opvallend is hier weer eens sy vrymoedigheid om Ou en Nuwe Verbond teenoor mekaar te stel en daarop te wys dat die krisis wat hom in die Predikerboek openbaar eintlik onvermydelik was by die Oud-Israelitiese godsdienstigheid met sy aardse gesigskring en waarin die loongedagte so sterk in die hart van die vroomheid ingedring het (Gemser 1931e:70). As daar nog enige twyfel kon bestaan het oor die koherensie van sy denke waarin die historiese kritiek, die volle gelding van die knegsgestalte van die Woord van God en tegelyk die eenheid van Ou en Nuwe Testament, sonder dat die afstand tussen die twee opgehef word, voluit plek het, word dit uit die weg geruim deur die reeks 'Ligflitse van die komende Christus' wat in *Die Hervormer* verskyn het gedurende 1941, en later in 'n bundel gepubliseer is met die titel 'Die komende Christus' (Gemser 1942a). 'n Aanhaling uit die inleiding tot die reeks laat blyk dat die tyd waarin dit verskyn het, meegespreek het:

> In donker tye soos hierdie is die volle lig van die Evangelie amper te helder, te skerp vir die oë. Die klanke van die Blye Boodskap van die

> gekome Verlosser klink so onwaarskynlik in 'n wêreld so vol wreedheid en so swaar van droefheid en smart. Dis byna ongelooflik dat ons leef in die tye van die Nuwe Bedeling, die Bedeling van die Vervulling. Ons kan ons veel beter voorstel dat ons sou leef onder die Bedeling van die Skaduwees. Die bange vraag: 'Wagter, hoe ver is dit in die nag?' lê ons baie naderby as die jubel oor die stralende Paasmôre wat aangebreek het oor 'n mensheid in dood en duister van sonde en skuld verlore. Dis asof die Lig van die wêreld nooit geskyn het nie, asof die Liefde Gods nooit geopenbaar is nie, asof Genade en Waarheid vreemdelinge is onder die mensegeslag. Die mensheid lyk weer dood in sonde en misdade asof daar nooit 'n Verlosser was; ons het weer vervreemd geword van die Beloftes, van die ideale wat God-self in die harte gelê het, vervreemd van wat die adel en die hoop van ons geslag was vanaf die Skepping self.
>
> In sulke tye is dit goed om ons te verplaas na dié periodes van die geskiedenis van die menselike geslag toe die Engelesang van Bethlehem nog nie gehoor was nie, toe die daeraad van die Vervulling nog ver was, toe 'die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus' nog nie op die mensheid en in menseharte geskyn het nie, toe die mensheid nog was 'n 'volk wat in duisternis wandel' en donkerheid die volke oordek het. In daardie nagtyd van die wêreld het die Opperwese dit tog nooit aan enkele vlugtige ligstrale laat ontbreek nie, aan enkele flitse uit 'n beter wêreld en van 'n ligtere toekoms wat in Sy Raad en Welbehae beslote was. Na die verskyning van so 'n ligvonk het die duisternis gewoonlik weer soveel digter toegetrek, soseer dat die mensheid of die volk waaraan dit verskyn het, die verskynsel dikwels al gou weer vergeet het. Maar van party van die ligflitse – Beloftes noem die Skrif en die kerk hulle – het die gedagtenis bewaar gebly die eeue deur. En dis van hulle wat die blaaie van die Ou Testament ons vertel. Enkele van hulle wil ons in die volgende reëls oordink om leiding, troos en opbeuring te ontvang noudat die nag weer toegetrek het om 'n mensheid wat sy Christendom verloën en verleer het en weer tot die eerste beginsels van die leer van Christus moet teruggebring word.

Die uitdrukkings 'Bedeling van die Vervulling' en 'Bedeling van die skaduwees' en die keuse van die titel van die reeks, 'Ligflitse van die komende Christus' laat blyk wat die struktuur van sy denke en geloof is. Die gedeë Ou-Testamentikus, die kenner van die Wysheidsliteratuur na wie steeds verwys word, in die laaste tyd veral om

die belangrike invloed wat hy op die interpretasie van Spreuke 1-9 uitgeoefen het (McKane 1970:117, 262; Gottlieb 1990:157), skroom nie om van 'n komende Christus te praat aan die hand van 'n reeks tekste in die Ou Testament wat hy saam met die kerk van alle tye as beloftes herken nie. Beginnende by die 'moederbelofte' van Genesis 3:15 en eindigende by die ryk van die Menseseun – Daniël 7:13, 14 – handel hy oor die 'hggewende bladsye' van die Ou Testament waarvan die glans oor die geheel uitgesprei lê, die flitse wat soms vir 'n enkele oomblik in die lang geskiedenis van die mensheid die duisternis deurklief het (Gemser 1941b). Ons sou dit vandag meer genuanseerd wou stel, miskien eerder wou praat van 'n interpretasie van die Christusfiguur met gebruik van stof uit die Ou Testament wat laat blyk het dat daar in die verhouding tussen God en mens soos dit daar bely word, 'n onvervuldheid bly steek het, 'n roepstem na die waarheid en volkomenheid van die Skepper van lewe wie se werk nie in die graf kon eindig nie. Gemser betoon hom in sy prediking 'n kind van sy tyd, een met die kerk en die kerklike denke van sy tyd, gelowig een, en dit moet ons vandag sê, 'n sieraad vir sy tyd.

Dit val nie te betwis nie dat in Gemser se teologiese denke duidelike spore te vind is van die sogenaamde Etiese Teologie wat in Nederland opereer vanaf die helfte van die negentiende eeu tot die helfte van die twintigste eeu in die denke en werk van persone soos D Chantepie de la Saussaye, J H Gunning, H Th Obbink, J J P Valeton jr en G Wildeboer (Loader 1987:48, 49; 1989:429, 430). Nogtans is Gemser nie te gemaklik tuis te bring by een bepaalde rigting nie en sou 'n spesifieke tipering en etiket waarskynlik nie reg laat geskied aan sy veelfasettige hantering van Skrif en Teologie nie (Oberholzer 1992). Juis dit sou hom egter nog steeds 'n tuiste gee in die breë erfenis van sy vorming in die raamwerk van die etiese houding wat die modernisme sowel as die neo-Calvinisme afgewys het en bewus gekies het vir die behoud van die spanning tussen geloof en wetenskap.

Op nog een aspek van Gemser se gepubliseerde werk moet ons hier die aandag vestig. Dit is naamlik sy sporadiese gesprek met eksponente van Afrikanerdenke wat hy meesal nie by die naam noem nie, maar wat hom in die vroeë jare 'n bepaalde ongemak, later 'n duidelike antitese laat aanvoel het. As Nederlander was dit vir hom 'n vanselfsprekende saak om hom te vereenselwig met die strewe na Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria (Van Selms 1981). In lyn daarmee staan sy solidariteit met die Afrikaanse kultuurstryd van die dertigerjare (Gemser 1935d). Hy gee aan die hand van die geskiedenis van Israel antwoord op vrae soos 'Is daar vir 'n klein jong volk 'n redelike kans op die opbou en handhaaf van 'n eie kultuur teenoor 'n oorheersende, algemene aanvaarde kultuur met eeuelange tradisie wat in dieselfde land en daaromheen sig magtig laat geld?', 'Is daar rykdom en aristokrasie nodig om 'n kultuur op te bou?', 'Is eie taal en eiesoortige letterkunde voldoende

uitdrukkingsmiddel vir 'n eie kultuur, of moet daar nog allerlei uitings soos kuns en wetenskap bykom voordat van 'n eie kultuur gepraat kan word?' en 'Is religie 'n skadelike element by kultuur-opbou of is dit 'n onmisbare element?' Nadat hy elke vraag positief beantwoord het, volg die stelling dat die godsdiens, behalwe as stukrag vir die kultuurstryd, ook 'n korrektief daarop kan wees.

Vyf jaar later, toe die Tweede Wêreldoorlog reeds aan die gang was, die simboliese ossewatrek sy nawerking gehad het en nasionalisme die woord van die dag geword het, waarsku Gemser: 'Dit lyk of in die Godsplan met die mensheid nasionalisme ongetwyfeld sy plek het...Maar dis nie die begin en nie die einde van die weë van God nie. Die begin is die mens en die mensheid. En die einde – dit predik die Nuwe Testament met onverdeelde geluid en klem – is die nuwe mens en die nuwe mensheid waarin nasionale onderskeidings geen sin het nie' (Gemser 1940c). Toe verset teen die oorlogspoging van die Smutsregering aangroei en die Ossewabrandwag sterk ondersteuning ontvang ook van leidende predikante van die kerk, open Gemser die akademiese jaar 1941 met 'n voordrag oor eerbied vir die owerheid as eis van Gods Woord (Gemser 1942d). Hy begrond sy stelling met drie subteses: Eerbied vir die owerheid is 'n onafskeidelike deel van die ware Godsvrug, is onafhanklik van die momentele regeringsvorm en het wel sy grense, maar dit moet goed bepaal word waar die grense lê. Elk van hierdie teses word dan uitvoerig behandel aan die hand van die Ou-Testamentiese gegewens. Betekenisvol in die konteks van die tyd is die opmerking:

> Daar leef onder ons gelukkig nog staatsmanne wat hierdie erfenis van Bybelse, Christelik-historiese, antirewolusionêre gesindheid op hulle wyse geformuleer en onder stryd en verguising gehandhaaf het, die gesindheid en leer naamlik dat enige ingrypende wysiging in staatsbestuur enkel en alleen op suiwer konstitusionele wyse tot stand gebring mag word.

Die jaar daarop wend hy hom teen 'n kollega, die wysgeer T J Hugo wat 'n boekie gepubliseer het met die titel 'Die Afrikaanse Universiteit en sy taak in die volkslewe' (Gemser 1942c), veral teen die nasionaal-beperkte en die aan bodem en ras gebonde beskouings daarin. Sy standpunt teenoor Hugo is: 'Staan oop vir en versamel al die wetenskap wat vir jou in die wêreld waar ook te vinde is, laat jou volk daarin deel en daaraan meewerk, en soek met daardie wêreldwetenskap jou volk en die mensheid voort te help!'

Sy eie standpunt oor die aard en wese van die universiteit het Gemser uitgespreek toe hy op uitnodiging van die rektor die geleentheidsrede by die promosieplegtigheid op 14 April 1956 gehou het (Gemser 1956c). Hier waarsku hy ernstig teen vereensaamde wetenskap en hy sluit af met die volgende samevatting:

> Dit was 'n viervoudige pleidooi vir integrasie; integrasie van ons wetenskapsbeoefening in die lewe van ons volk, in die ryk geheel van die universaliteit van wetenskappe, in die wêreldwye internasionale beoefening daarvan en in die ontdekkingstogte na die verskuiwende drumpel van die onbekende, maar nie onbestaande, en, as ons die Bybel mag glo, nie onkenbare nie.

Gemser se laaste bydrae in *HTS* – die tydskrif waarvan hy mede-oprigter en eerste redaksievoorsitter was – het verskyn in die *S P Engelbrecht Septuagenarius feesbundel* (Gemser 1961c). Daar behandel hy, na aanleiding van H H Kuyper se boek 'Hamabdil' die vraag of dit skriftuurlik geregverdig is om prominensie te verleen aan die konsep van skeiding. Die konkordansie lei Gemser dan tot 'n ontdekking van drie terreine waarop in die Ou Testament van 'n skeidingswerksaamheid van God sprake is: skepping, erediens en volkerewêreld. Soos te verwagte in 'n klimaat van heftige debat in Suid-Afrika en elders rondom die destydse regeringsbeleid en die pogings van verskillende Suid-Afrikaanse teoloë om aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling 'n teologiese basis te gee, wy Gemser die meeste aandag aan die derde terrein, dié van skeiding tussen volke. Hy beklemtoon dat in Genesis 10 nie huidskleur of taal nie, maar historiese faktore die indeling van die mensheid in volke bepaal en dat van meer- of minderwaardigheid van een volk bo of benede die ander geen sprake is nie, dat die afgesonderdheid van Israel niks te make het met verskil in ras, kleur of beskawingspeil nie, maar alleen 'n godsdienstige rede en doel het, dat daar ook 'n afskeiding vanuit die ander volke na Israel toe betuig word. Uit Jesaja 56:1-8 kom hy tot die gevolgtrekking: 'God is nie vir altyd die *Mabdiel*, die groot Skeidingmaker nie maar Hy is die *Mekabbeets*, die Saambrenger.' Waar daar wel van skeiding in die Ou Testament gepraat word, is dit uitdrukking van die priesterlike lewenshouding; in die profetiese visie het die skeidingsgedagte geen plek nie.

Hierdie artikel is kontemporêr aan 'n skrywe van Gemser in *Zuid-Afrika* waarin hy by lesers aanbeveel om 'n artikel van Van Selms te lees en waarin hy die vraag stel of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met sy voorneme om alleen 'n kerk van blankes te wees 'zich daardoor niet in feite, zo niet in principe en doelstelling buiten de gemeenschap van de Kerk van Christus op aarde plaatst'. Hierdie uitlating is hom sterk kwalik geneem (Oosthuizen 1962) en inderdaad moet in ag geneem word dat dit gemaak is in 'n tyd van hoë emosionele spanning en onder die druk van die gelade verhoudinge wat in daardie tyd tussen Nederland en Suid-Afrika, veral dan tussen die Nederlandse Hervormde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontstaan het en grotendeels steeds bestaan.

Dit was nouliks anders te verwag as dat Gemser, wat ten spyte van sy lang verblyf in Suid-Afrika Nerderlandse burger en Nederlander in gees en aard gebly het

en wat sy akademiese loopbaan afgesluit het deur terug te keer na sy alma mater, anders sou praat. Dat hy gedurende die hele tyd van sy verblyf in Pretoria hartlik een was met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, staan vas. In sy rede by aanvaarding van die hoogleraarskap in Groningen op 22 April 1958, waarin hy nie skroom om te wys op die ooreenkoms tussen die beweegredes vir die trek van die aartsvaders en dié van die Voortrekkers soos Piet Retief dit in sy manifes verwoord het nie, praat hy met dankbaarheid van sy verblyf in Suid-Afrika, 'het zonnige land onzer gastvriendschappen...met...zijn jonge, kracht- en roepingsbewuste volk, zijn schone taak en bedreigde situatie', maar wys hy ook op die verontrustende vrae wat opkom by sy gedagte aan die werkkring wat hy verlaat het. Hy sluit af met die bede: 'Mag het een bevrijdend, verlossend, God en Zijn gerechtigheid verheerlijkend antwoord zijn op een vragen en worstelen, reeds eeuwen geleden begonnen en door Retief en zijn medetrekkers zo nobel onder woorden gebracht en met het leven bezegeld' (Gemser 1958g:26). Die onsekerheid het dus toe reeds in die gemoed van Gemser bestaan en miskien ook die oortuiging dat hy hom nie meer een kan voel met wat hy agtergelaat het nie. 'n Paar jaar verblyf in die Nederlandse klimaat, met die beroeringe in Suid-Afrika rondom die Geysersaak en die hele onstuimige klimaat sedert die begin van die ekumeniese aanslag, waaroor hy voorgelig is deur die pers, korrespondensie en besoeke van geesgenote, het hom die stap laat neem wat aan die verhaal 'n pynlike slot verskaf. Die vraag wat hy aan die kerk gestel het, staan egter daar, ook as 'n vraag aan die Fakulteit. Dit laat blyk dat die teologie sowel as die geloof uiteindelik noodwendig kontekstueel én eksistensieel is.

Literatuurverwysings

De Liagre Böhl, F M Th 1963. In memoriam professor dr B Gemser. *HTS* 19, 57-60. (Ook in *Phoenix* 9 [1963], 4-7).

Engelbrecht, B J 1982. Agtergrond oor vroeë lede van die teologiese fakulteit. *Die Hervormer*, November 1982, bl 16.

Fensham, F C 1984. Prof dr Adrianus van Selms (22 Januarie 1906-30 April 1983). *Journal of Northwest Semitic Languages* 12, 1-3.

Gottlieb, I B 1990. Pirqe Abot and Biblical Wisdom. *VT* 40, 157.

Loader, J A 1987. Tertium datur – oor die etiese waarheidsbegrip. *HTS* 43, 47-56.

--- 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45, 412-437.

McKane, W 1970. *Proverbs*. London: SCM. (OTL.)

Mulder, E S 1951. Die wetenskaplike betekenis van die werk van professor B Gemser. *HTS* 7, 85-96.

Oberholzer, J P 1989. Berend Gemser: Groot geleerde, fyn mens. *Die Hervormer*, November 1989, bl 3.
--- 1992. Terugblikke op die Fakulteit Teologie (Afd A) en sy lede – 'n literatuurverkenning. *HTS* 48.
Oosthuizen, A J G 1962. Werda. *Die Hervormer*, Februarie 1962, bl 9, 13.
Van Selms, A 1968. Berend Gemser 1890-1962: A biographical sketch. *Adhuc Loquitur*, 1-11. Leiden: Brill.
--- 1981. Gemser, Berend. *S A Biografiese Woordeboek*, deel IV, 185v.
Vriezen, Th C 1962/1963. In memoriam prof dr B Gemser. *NTT* 17, 159-160.

**Publikasies van B Gemser**

Met dankbaarheid is hierby gebruik gemaak van die volgende bronne:

Van Selms, A 1952. Publikasies van prof dr B Gemser. *HTS* 7, 175-179.
Anoniem 1968. Bibliography of prof dr B Gemser's publications, 177-180. *Adhuc Loquitur*. Leiden: Brill.
Veenhof, K R 1963. Lijst van geschriften van prof dr B Gemser betrekking hebbende op het Oude Nabije Oosten. *Phoenix* 9, 7-9.

1924. *De betekenis der persoonsnamen voor onze kennis van het leven en denken der oude Babyloniërs en Assyriërs*. Wageningen: Veenman & Zonen.
1925a. Der Stern aus Jakob (Num 24:17). *ZAW* 43, 301-302.
1925b. Bijbelsche gedachten in Babylonisch relief. *Stemmen voor Waarheid en Vrede* 15.12, 905-931.
1926a. Odysseus – Utanapistim. *AfO* 3, 183-185.
1926b-d. Uit en om het Oude Testament. *Die Hervormer*, 8 Julie, bl 5-7; 8 Augustus, bl 28-30; 8 September, bl 56-58; 3 Desember, bl 142-144.
1927a. Conjecturen by het boek der Spreuken. *Nieuwe Theologische Studien* 10, 289-293.
1927b. Gedachtenassociaties in het Spreukenboek, een middel tot tekstfixeering. *Onder eigen Vaandel* 2, 137-151.
1927c-g. Uit en om het Oude Testament. *Die Hervormer*, 23 Februarie, bl 204-206; 23 Mei, bl 295-297; 8 September, bl 54-55; 23 September, bl 65-66; 8 Oktober, bl 77-79.
1927h. Van Bethlehem naar Jeruzalem (Een Levensgang). *Almanak voor de Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 185-193.

1928a-b. Uit en om het Oude Testament. *Die Hervormer*, 8 Januarie, bl 141; 13 Januarie, bl 161-162.

1928c. Het theologisch onderwijs in Nederland gedurende het jaar 1927. *Die Hervormer*, 23 Januarie, bl 161-162.

1928d. Pieteit. (Oordenking by het 75 jarige bestaan van de Ned Herv Kerk in Afrika: 1 Sam 24:13b). *Die Hervormer*, 8 Augustus, bl 67-68.

1928e. Levenswijsheid van voor 25 eeuwen. *Almanak* 1928, 211-219.

1929a. Lugkastele. *Die Nuwe Brandwag* 1/1.

1929b. De wijsheid gerechtvaardigd van hare kinderen. *Almanak* 1929, 79-84.

1929c. Geluk daarmee! (Frischman). *Die Nuwe Brandwag* 1/2, 90-94. (Opgeneem in 1933e.)

1929d. Dans (Frischman). *Die Nuwe Brandwag* I/3, 176-182. (Opgeneem in 1933e.)

1929e. Die koningsdogter en haar maat (Bialik). *Die Nuwe Brandwag* 1/4, 253-259.

1929f. Vyf Bybelbesprekings. *De Jongeman*, Desember.

1929g. De Spreuken van Salomo I. Groningen: Wolters. (T & U.)

1930a. Naar uw gemaakt bestek! Preek gehou te Pretoria, 13 Oktober 1929. Sag 2:1-5. *Almanak vir die Nederduitsch Herv Kerk van Afrika* 1930, 109-117.

1930b. Die opgrawing van Sigem. *Die Huisgenoot*, 3 Oktober 1930.

1931a. Ons wondere ambt: Oordenking Johannes 3:29. *Die Hervormer*, 1 Maart, bl 225-228.

1931b. Die predikantevergadering. *Die Hervormer*, 1 Mei, bl 282-283.

1931c. 'n Sondag aan boord. *Die Hervormer*, 15 September, bl 77-79.

1931d. My besoek aan die sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk. *Die Hervormer*, 1 November, bl 118-119.

1931e. *De Spreuken van Salomo II, Prediker, Hooglied*. Groningen: Wolters. (T & U.)

1931f. 'n Kerstvisioen van Jesaja: Jesaja 7. *Almanak* 1931, 100-104.

1931g. Of nog hoër (Peretz). *Die Nuwe Brandwag* 1/3, 30-33.

1931b. Die kromme kan nie reg word nie (Bialik). *Die Nuwe Brandwag* 3/3, 140-143. (Opgeneem in 1933e.)

1931h. Die heuwel van die vriend van God. *Die Huisgenoot*, April 1931.

1933a-b. Uit en om die Ou Testament. *Die Hervormer*, 29 Maart, bl 5-6; 30 Augustus, bl 1-2.

1933c. Uit die lewe van die Hervormde Kerk van Nederland. *Die Hervormer*, 31 Mei, bl 7-8.

1933d. Die toring van Babel. *Almanak* 1933, 97-111.

1933e. *Nieu-Hebreeuse Kortverhale, versamel en vertaal*. Pretoria: De Bussy.

1933f. Die Nieu-Hebreeuse Letterkunde. *Die Nuwe Brandwag* 5/3, 167-171. (Opgeneem in 1933e.)

1934a. Megiddo, die wa-stad van koning Salomo. *Almanak* 1934, 129-144.

1934b. *Bybelse hulpboek vir Onderwysers I: Die Ou Testament*. (Medewerker met O van Oostrum.) Pretoria: Van Schaik.

1935a. Beredeneerde boekelys. *Die Hervormer*, 30 April, bl 16-18.

1935b. Die vertroostinge van God: Oordenking uit Jeremia 12:5. *Die Hervormer*, 25 September, bl 3, 5, 6.

1935c. Die betekenis van die Ou Testament vir die mens van vandag. *Die Kerkbode*, 19 Junie, bl 29-35.

1935d. Ou Testamentiese soekligstrale oor Suid-Afrikaanse kultuurstrydvrae. *Almanak* 1935, 128-140.

1936a. Abbesinië, die oudste Christenryk. *Almanak* 1936, 137-145.

1936b. Jewry and history. *Jeshurun* 1/1.

1937a. חכמת ישראל לפי החקירות ההשריות החדשות. *Barqai* 5, 49, 50.

1937b. Apologetiek en opgrawingswetenskap. *Wetenskaplike blad van die Universiteit van Pretoria*, September 1937.

1937c. Bet-sean volgens Bybel en opgrawings. *Almanak* 1937, 113-123.

1937d. *Sprüche Salomos*. Göttingen: Mohr. (HzAT.)

1937e. Die gesange in Afrikaans. *Die Hervormer*, 28 Julie.

1938a. Die laaste pasga, die eerste nagmaal. *Almanak* 1938, 74-85.

1938b. Eenheid des levens (Ps 86:11). *Overdenkingen* 46, 199-214.

1939a. *Bybelse Dagboek* (red). Pretoria: De Bussy. (Medewerker, verantwoordelik vir 3, 4, 8, 12, 14, 17, 18, 21 Maart, 21 Augustus, 1-15 Desember.)

1939b. In memoriam ds A Brandt. *Die Hervormer*, 26 Julie.

1939c. Yir'at Yahwě (Vreze des Heren) in de Psalmen. *Nieuwe Theologische Studiën* 22, 140-152.

1940a. Die Afrikaanse gesangeteks voltooi. *Die Hervormer*, 28 Augustus, bl 11-13.

1940b. Ons verwagting. Preek gehou te Potchefstroom en Pretoria. 2 Pet 3:13. *Die Hervormer*, 21 Desember, bl 9-13.

1940c. Nasionalisme en universalisme in die prediking van die Ou Testament. *Almanak* 1940, 58-71.

1941a. Die merkwaardigste verskynsel in die Hebreeuse taal en sy verklaring. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 2, 12.

1941b-m. Ligflitse van die komende Christus. *Die Hervormer*, Jan-Des 1941. (Opgeneem in 1942a.)

1941n. Die drie ordes. *Die Hervormer*, 21 Februarie, bl 14.

1941o. Al die nasies...dissipels. *Die Hervormer*, 21 Maart, bl 15-16.

1941p. Doen die werk van 'n evangelis. Prediking met die bevestiging van ds H J Geyser op Roodepoort, 22 Maart. 2 Tim 4:5. *Die Hervormer*, 21 April, bl 5-9.

1941q. Al die volke sy leerlinge. *Die Hervormer*, 21 April, bl 21-23.

1941r. Iets oor die ontstaan van ons kerklike gesangbundels. *Almanak* 1941, 59-73.

1942a. *Die komende Christus: Oordenkings oor die Christusprofesieë van die Ou Testament*. Pretoria: De Bussy.

1942b. Die Christelike vryheid, 'n kosbare erfgoed van die Hervorming in die Hervormde Kerk. *Die Hervormer*, 16 Maart, bl 4-7.

1942c. Die Afrikaanse Universiteit en sy taak in die volkslewe. *Die Hervormer*, 21 April, bl 15-17; 21 Mei, bl 6-7.

1942d. Eerbied aan die owerheid as eis van Gods Woord. *Almanak* 1942, 33-56.

1943a. Regentespieël. *Almanak* 1943, 33-41.

1943b. Die kerke van Nederland onder die besetting. *Die Hervormer*, 22 November, 21 Desember.

1943c. Die Godsgetuienis van Amos. *HTS* 1, 9-21.

1943d. In memoriam prof dr J de Groot. *HTS* 1, 43-45.

1944a. Die kerke van Nederland onder die besetting. *Die Hervormer*, Januarie 1944, bl 9, 11, 12.

1944b. Amos in sy daelikse omgewing en bedryf. *HTS* 1, 49-58.

1944c. Die drie weë tot heilsversekerheid in die Ou Testamentiese Godservaring. *HTS* 2, 56-65.

1944d. Die belydenis van Christus nederdaling ter helle in die lig van die gegewens van die OT. *HTS* 1, 65-73, 114-123.

1944e. Verklaring insake 'n Afrikaanse Bybelverklaring. *HTS* 1, 97-99 (saam met J H J A Greyvenstein).

1944f. In memoriam prof dr L H K Bleeker. *HTS* 1, 140-144.

1944g. Maarten Luther oor hoe noodsaaklik dit is om Latyn, Grieks en Hebreeus te leer. *HTS* 1, 173-178.

1944h. Personalia. *HTS* 1, 95-96.

1945a. Nuus van die Hervormde Kerk van Nederland. *Die Hervormer*, September 1945, bl 5.

1945b. Teksverbeteringe by die Afrikaanse Bybelvertaling. *HTS* 2, 27-34.

1945c. Die organiese eenheid van objektiewe Bybelondersoek. *HTS* 2, 49-63.

1945d. Beginsels van Bybelvertaling. *HTS* 2, 115-128.

1945e. Die plegtige ingebruikneming van die Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek. *Almanak* 1945, 25-32.

1946a. Teksverbeteringe by die Afrikaanse Bybelvertaling. *HTS* 2, 179-187.

1946b. Suid-Afrikaanse bydraes tot die studie van die Ou Testament. *HTS* 3, 36-41.

1946c. Die Oudtestamentiese leer aangaande die mens as beeld van God. *HTS* 3, 190-201.

1946d. Personalia. *HTS* 3, 66-69.

1948. Prof dr H Th Obbink as Outestamenticus. *HTS* 5, 53-58.

1949a. De vijftigjarige regering van Koningin Wilhelmina, een verhoord gebed. Preek gehou in Pretoria, 29 Augustus 1948. Psalm 72:1. *Almanak* 1949, 51-60.

1949b. Die profesie van Nahum opnuut vertaal. *HTS* 5/3, 1-10.

1949c. Prof dr B D Eerdmans as Outestamenticus. *HTS* 5/3, 44-48.

1949d. Die Jerusalemse Boekrolle. *HTS* 5, 172-184.

1949e. Wetenskaplike mededelinge: (a) Nadere gegewens aangaande die Jerusalemse boekrolle. (b) Wetgewing en prysbeheer omstreeks 1949 v C. *HTS* 6, 55-61.

1950a. *De Psalmen III*. Groningen: Wolters. (T & U.)

1950b. Die grondsteenlegging van die tweede tempel. *HTS* 6, 89-108.

1952a. Die humor van die Ou Testament. *HTS* 8, 49-62.

1952b. Be'eber Hajjarden: In Jordan's borderland. *VT* 2, 349-357.

1952c. Die Echter-Bibel: 'n Rooms-Katolieke Korte Verklaring. *HTS* 9, 7-19.

1952d. Die oudstes in Israel. *HTS* 9, 73-82.

1953a. *Hebreeuse Spraakkuns: Vormleer, sinsleer en oefeninge*. Pretoria: Van Schaik.

1953b. The importance of the motive clause in Old Testament Law. *SVT* 1, 50-66.

1955. The rib- or controversy-pattern in Hebrew mentality. *SVT* 3, 120-137.

1956a-b. Spreuke, Hooglied in Vor der Hake, J (red), *Commentaar op de Heilige Schrift*. Amsterdam.

1956c. Vereensaamde wetenskap. Toespraak van prof B Gemser by geleentheid van die promosieplegtigheid op Saterdag 14 April 1956, Universiteit van Pretoria.

1957. *Bild und Bilderverehrung*. RGG3.

1958a-e. Die Bybel met Verklarende Aantekeninge (mede-redakteur). Kaapstad: VPU. (Prediker, Jeremia, Daniël 7-12, Hosea, Habakuk.)

1958f. God in Genesis. *OTS* 102, 1-21.

1958g. *Vragen rondom de Patriarchenreligie*. Groningen: Wolters.

1958h. Critiek op de preekschets over Ezechiel 36:29-30. *Homiletica* 17, 10-12.

1959a. Een offerterm om over te nemen en andere ter navolging. *Homiletica en Biblica* 18, 50-51.

1959b. Offertermen ter oorweging. *Homiletica en Biblica* 18, 118-121.

1960a. Humilitas of Dignitas: De signatuur van het oud-testamentisch mensbeeld. *NTT* 14, 161-174.

1960b. The instructions of 'Oncheshonqy and Biblical Wisdom literature'. *SVT* 7, 102-145.

1960c. Aspecten van 'Verzoening' in het Oude Testament. *Homiletica en Biblica* 19, 97-101; 136-141.

1960d. De dichter als exegeet. *Homiletica en Biblica* 19, 167-170.

1961a. Vertraagde openbaringsbewustheid. *NTT* 40, 241-263.

1961b. Het object van het zedelijk oordeel in het Oude Testament. *Homiletica en Biblica* 20, 2-9, 35-39.

1961c. 'Mabdiel' of 'Mekabbeets'. *HTS* 17, 56-65.

1961d. De nieuwe psalmberijming. *NTT* 16, 257-275.

1962. The spiritual structure of biblical aphoristic wisdom. *Homiletica en Biblica* 21, 3-10.

1968. *Adhuc Loquitur*: Collected essays of dr B Gemser, ed by Van Selms, A & Van der Woude, A S. Leiden: Brill.